

## Bylae A

### Idees vir Beroepsbewustheidsweek, 9 tot 13 Oktober 2017, vir graad 7 – 9

1. Graad 7-leerders kan die kleredrag aantrek wat tipies met 'n bepaalde loopbaan of beroep geassosieer word, soos brandweerman, polisiebeampte, dokter of skrynerwerker. Leerders wat nie 'n spesifieke soort kleredrag in die hande kan kry nie, kan 'n etiket dra wat hulle beroepe aandui. Leerders kan navorsing doen oor hulle beroepsvoorkeur, dit opskryf en hulle navorsing op Beroepskleredragdag aanbied.
2. Skole kan 'n beroepsuitstallingshoekie in graad 7- tot 9-klaskamers inrig, waar inligting oor verskillende beroepe uitgestal word.
3. Skole kan sprekers uitnooi om leerders in te lig oor die vereistes van verskillende beroepe. Dit behoort te gebeur sonder om normale klasse te ontwig, verkieslik gedurende Lewensoriënteringklasse, na skool, oor naweke of tydens oueraande.
4. Beroepsberaders kan uitgenooi word om deel te neem aan 'n ouer-leerdersvergadering op 'n aand in die week van 9 tot 13 Oktober 2017.
5. Lewensoriëntering-onderwysers kan 'n taak gebaseer op die tema "Oriëntering vir die Wêreld van Werk" voorskryf as deel van die formele assessering van leerders. 'n Projek sal ideaal wees.
6. Taalonderwysers kan die week gebruik vir leerders om mondelinge en geskrewe aanbiedings oor hulle toekomstige beroepe te lewer.
7. Skole kan 'n opstelkompetisie organiseer. Leerders sou 'n 100-woord opstel kan skryf oor die beroep wat hulle graag wil navolg. Die beste opstelle kan pryse wen.
8. Alle leerders word versoek om die aktiwiteite in die Beroepsbewustheidsweek brosjure te voltooi wat doelwitstelling en die Beroepsnavorsingsaktiwiteite insluit.
9. Skole met die nodige infrastruktuur kan hul leerders verder ondersteun deur die PACE-selfontdekkingsvraelys af te laai van die Internet deur die *PACE Career* webwerf te besoek by [www.gostudy.co.za](http://www.gostudy.co.za) of die skakels te volg op die Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf: [www.curriculum-dev.wcape.school.za](http://www.curriculum-dev.wcape.school.za) onder die hofies *Curriculum GET → Life Orientation → links → Life Orientation → Pace Careers*. Leerders kan ook van hulle selfone gebruik maak deur te gaan op [www.gostudy.mobi](http://www.gostudy.mobi). Hulle kan ook na die volgende webwerf kyk vir meer oor beroepe: [www.educonnect.co.za](http://www.educonnect.co.za).

10 Vir verdere inligting of om idees uit te ruil, kontak mnr Ismail Teladia by die volgende eposadres: [ismail.teladia@westerncape.gov.za](mailto:ismail.teladia@westerncape.gov.za)